

## **DEFEND OUR DEMOCRACY – Afrikaanse vertaling**

### **BESKERM ONS DEMOKRASIE**

#### **DIE AANSLAG OP SUID-AFRIKA SE KONSITUSIONELE DEMOKRASIE:**

##### **'N OPROEP OM SAAM OP TE TREE 18 Maart 2021**

Vyf-en-twintig jaar gelede het die mense van ons nasie die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika aanvaar, en so die heel eerste demokratiese statuut van regte, aansprake en verantwoordelikhede in ons land se geskiedenis verskans, wat die gedrag van die bevolking en die staat sou bepaal.

Die Grondwet is 'n bevestiging van ons beslissende breuk met 'n 350 jaar lange geskiedenis van roekelose koloniale uitbuiting, onderdrukking deur apartheid, en die wrede onderontwikkeling van die meerderheid van Suid-Afrikaners, waarin geslagte van mense verdoem is tot 'n lewe van onderhorigheid, gekenmerk deur die geweld van uiterse armoede.

Die beginsels van reg en versoening is diep in die Grondwet ingewortel: 'n Diepgaande verbintenis aan menseregte, restitusie en die vestiging van 'n demokratiese gemeenskap gebou op gelykheid, menswaardigheid, verdraagsaamheid en welvaart vir al die mense van ons land. Al hierdie elemente maak ons Grondwet 'n hoogstaande en eerbiedwaardige prestasie deur al die mense van Suid-Afrika.

Die aanvaarding van die Grondwet het Suid-Afrikaners in staat gestel om die voorreg te ervaar van vrye verkiesings en volle deelname in 'n demokratiese gemeenskap, vryheid van assosiasie, uitdrukking en beweging, asook 'n robuuste media en regstelsel wat wye vertroue geniet. Maar hierdie Grondwet – 'n bindende faktor in nasionale eenheid – word nou ernstig bedreig.

Vir meer as 'n dekade is parlementêre en politieke verantwoordbaarheid ernstig ondermyn – veral deur die regerende party. Tekens van die staat se toenemende onvermoë om sy burgers te beskerm het gelei tot groot angstigheid onder ons mense. Dié onrus in die bevolking het toegeneem na aanleiding van verskeie regeringsinstellings wat baie swak presteer, en waarvan party breekpunt bereik het.

Onlangs het 'n voormalige president van die Republiek – wat voorheen in 'n uitspraak van die Grondwetlike Hof beskryf is as die beliggaming van die “konstitusionele wese” van die Republiek – 'n opdrag aan hom deur dieselfde Grondwetlike Hof, om voort te gaan om getuienis te lewer by die Kommissie van Ondersoek na Bewerings van Staatskaping, verontagsaam. Hierdie verstommende uittarting is nie slegs 'n oortreding van die wet nie, maar ook 'n aanslag op die Grondwet self.

Terwyl die gebruikelike institusionele prosesse wat deur so 'n aanval genoodsaak word, hul gang gaan, het die voormalige president, gefrustreer deur die onberispelike gedrag van ons

onafhanklike regbank, nou 'n kwaadwillige aanval geloods op die regbank self, en veral op die Grondwetlike Hof – 'n hoeksteen van ons Grondwet.

Dié aanslag op ons konstitusionele demokrasie is veel meer blote dreigemente deur 'n enkele individu. Dit wys ook hoe daardie individu 'n politieke kultuur beliggaam wat in beginsel die antitese van demokrasie is: Die kultus van persoonlikheid, regering deur diktaat van faksies, nepotisme, en totalitarianisme in 'n polisiestaat.

Suid-Afrikaners ervaar en sien elke dag in die openbaar:

- Onbeperkte, grootskaalse plundering, wat die staat gedestabiliseer het en die ekonomie tot op die rand van ineenstorting gebring het. Die werksaamhede van verskeie kommissies van ondersoek, waaronder die wat staatskaping, die SA Inkomstediens en die Openbare Beleggingskorporasie ondersoek, het besonderhede blootgelê wat op akute verrotting in openbare bestuur en sakepraktyke neerkom.
- Die skaamtelose voorneme van hulle wat deur korrupsie bevoordeel is, om die opbrengs van hul korrupsie nie slegs vir selfverryking te gebruik nie, maar ook om 'n na bewering goed-georganiseerde kartel van gekompromiteerde politici, hooggeplaaste staatsamptenare en plaaslike en internasionale sake-medepligtiges in staat te stel om die vervolging van die oortreders en die bevoordeeldes van staatskaping in die wiele te ry.
- Verskeie individue of groepe wat direk in die staatskappingsprojek geïmpliseer is, word ook betrek om die voormalige president se onwettige uitdaging van die Grondwetlike Hof te versterk. Die ontplooiing van persone in kamoefleerdrag wat die rol van 'n privaatweermag speel – wat die letter en gees van ons demokrasie aantas – is 'n onheilspellende dimensie van hierdie anti-konstitusionele gedrag.

Suid-Afrika se mense het geveg, en gestem vir 'n konstitusionele demokrasie as teenvoeter teen fascisme en diktatorskap. Die manier waarop ons nasie se demokrasie ondergrawe word deur die doelgerigte ondermyning van goeie bestuur en verantwoordbaarheid, en deur die bevordering van wanbestuur, is 'n aanduiding van die wyse waarop diegene wat dit ondermyn, Suid-Afrika sal bestuur indien hulle aan bewind sou kom. Na 'n eeu-lange stryd om vryheid kan Suid-Afrika nie terugkeer na 'n totalitêre bestel, wat in die verlede soveel ellende en lyding vir die meerderheid van ons mense gebring het nie.

Ons toekoms as 'n demokrasie is slegs veilig as ons weier om die destabilisering van die staat toe te laat, en as ons die Grondwet, die grondliggende waardes van die nasie en die hoogste regsgesag van die land beskerm.

Daar moet geen twyfel wees dat ons as nasie weerstand sal bied nie. Ons het die uiterse onverdraagsaamheid en swaarkry van die verlede oorkom, en ons kosbare erfenis en nalatenskap mag nie geminag word nie – en nog minder gesteel word.

Ons, as mense van uiteenlopende agtergronde – polities, ras, gender, etnies, godsdienstig, taal, kultureel en klas – is verenig onder, en lojaal aan, ons Grondwet. Ons moet dit wat aan ons gesamentlike waardigheid, selfrespek en die respek van die wêreld gegee het, nou terugeis.

Ons doen dus 'n beroep op alle mense wat welwillend is, om hierdie bedreiging van ons demokrasie aktief te beveg, en om saam sterk te staan teen diegene wat daarop uit is om die waardes en beginsels wat in ons Grondwet verskans is, te vertrap. Ons moet onwrikbaar wees in ons weerstand teen dié wat ons kosbare land in 'n woesteny wil omskep.

**BESKERM ONS DEMOKRASIE! BESKERM ONS GRONDWET!**